



Pred. **9:11** en as ons dit omdraai **11: 6**

Waar is God met die Corona Virus 2020?

Petrie het die afgelope tyd heelwat aandag gegee aan Genesis waar die volk Israel voortdurend probleme en krisisse in die woestyn ervaar het. Hulle was opstandig en het gevra waar is God dan. Sien Hy dan nie wat met hulle gebeur nie?

Dit het die volk Israel se geloof tot die uiterste toe beproef. Hulle het hulle in 'n situasie bevind waar hulle nie meer God se nabyheid ervaar het nie, en ook begin het om afgode te vereer. Volgens hulle geloof, het die Here die hemel en die aarde gemaak en was hulle die uitverkore volk van die Here. Hy het hulle uit Egipte uit slawerny bevry met die belofte van 'n land wat oorloop van melk en heuning en hier vergaan hulle nou van hongers en dors.

Teenoor hierdie twyfel, ongeloof en afvalligheid kom Moses telkens met 'n troosboodskap om hulle daaraan te herinner dat die God van Israel die skepper is. Maar die Volk bly vra: Waar is God? Het God ons dan vergeet?

Ek dink iets hiervan ervaar die hele wêreld vandag met die uitbreek van die Coronavirus in China en wat nou oor die hele wêreld versprei het.

Tye van onsekerheid.

Bevestigde gevalle Ongeveer 200 000 mense. 8000 sterftes in 5 weke (syfers verander daagliks). Dis onmoontlik om te bereken hoeveel gesinne en kinders geraak is. Met die noodmaatreëls wat in verskillende lande aangekondig word, word miljoene mense ontwrig. Daar het 'n groot alleenheid oor die wêreld toegesak. Mense, stede en lande is in isolasie. Mense mag net uit hulle huis gaan om voedsel te koop en apteek toe te gaan. Kinders moet tuisbly van die skool. Wat maak mense met hul kinders tuis, veral ook die personeel van nooddienste, hospitale, versorgingsrigtings ens. En die grootste onsekerheid is: jy weet nooit wanneer jy dalk aansteek nie. Daar is paniek: Mense koop kos en toilet papier.

Ekonomie.

Die rand val in sy peetje in. Aandelemarkte val wêreldwyd. Dit het alles 'n rimpeleffek. Ons kan dit almal aan ons sakke voel.

Lugdienste wêreldwyd is in die moeilikheid. Werkers word wêreldwyd afgedank. Besighede gaan onder. Sportklubs, teater, toerisme.... So kan ons aanhou

Dit is asof ons wêreld, net soos dié van Israel destyds, bedreig word deur 'n onsigbare mag en waaroor ons geen beheer het nie. Ons ervaar nie net onsekerheid nie, maar chaos en daarom vrees.

2020 is 'n waterskeidingsmoment in die geskiedenis van die wêreld.

Dit behels die verlies van sekerheid. Alle mense het hulle sekerheid van hulle eie veiligheid verloor. Dit gaan nie net oor fisiese welstand nie, maar veral ook godsdienstige sekerheid. Daar gebeur gedurig dinge in die wêreld wat die sekerheid en kinderlike geloof ernstig bevraagteken. Ons beleef 'n krisis wat so groot is dat 'n mens net nie sommer daarby kan verby stap nie.

Dit bring ou vrae weer na vore: Waar is God? Is God nog by hierdie wêreld betrokke? Hoe werk God se beheer? Is Hy enigsins in beheer? As God dan 'n God van liefde is, hoe kan hy so iets toelaat? Is daar hoegenaamd 'n God as daar sulke dinge gebeur?

Die boek Prediker help ons tot groter wysheid.

Pred. 9:11 help ons om bevry te word van ons idee dat elke dingetjie wat gebeur direk aan God verbind moet word. *“Alles word bepaal deur tyd en geleentheid”*. Daar is sekere wetmatighede en omstandighede en vyandelike magte wat deel is van die wêreld.

“Verder het ek in hierdie wêreld gesien: dit is nie die vinnigstes wat die reises wen nie, nie die sterkstes wat die oorlog wen nie, nie dié met wysheid wat kos het nie, nie die verstandiges wat ryk word nie, nie dié met kennis met wie dit goed gaan nie. Alles word bepaal deur tyd en geleentheid.”

Pred 11:6 help ons om bevry te raak van die gedagte dat elke moontlike gebeure teruggevoer moet word na iets waarvoor jy verantwoordelik is. Jy weet eenvoudig nie of die saad wat jy in die oggend saai meer vrug sal oplewer as die wat jy in die middag saai nie, en andersom.

“Saai jou saad in die môre, gaan in die laatmiddag daarmee voort. Jy weet nie watter van die twee sal 'n oes lewer nie en of al twee ewe goed sal wees nie.”

Prediker help ons ten diepste om ons eie godsdienstige denkskemas ook minder ernstig op te neem; om te besef dat ons godsbeelde nie gelykstaan aan God nie; om te besef dat ons op geen manier God binne in ons verklarings van gebeure moet probeer vasvat nie. Want die oomblik as ons dit sou kon doen, raak God voorspelbaar en is Hy nie meer God nie, maar ons eie maaksel.

Ek weet nie wat die antwoorde is op die vrae wat die Coronavirus in 2020 na vore roep nie. Maar ek weet dat die tipiese algemene godsdienstige denke waarmee mense antwoorde probeer gee, nie die regte antwoorde is nie.

Die oppervlakkige interpretasies van dinge help ons nie in ons knellende vrae oor God en sy teenwoordigheid in hierdie wêreld nie.

God is te vinde en maak Homself bekend op die vreemdste maniere. Ons is geseënd as ons Hom raaksien en ervaar. Maar mag ons daarvan bewaar word om God te wil intrek binne die klein bekrompe denkskemas van ons eie intellek en eie kleinlike godsdienstigheid.

Die vraag waarmee ons vanoggend eintlike besig is, is

WAAR IS GOD?

Waar is God wanneer 'n ongeboore baba geaborteer word?

Waar is God wanneer 'n baba op straat agtergelaat word?

Waar is God as 'n klein dogtertjie gemolesteer en verkrag word.

Waar is God wanneer 'n skoolseun pap geslaan word in die badkamers?

Waar is God wanneer 16jarige dogters deur 'n reeksverkrachter verkrag en vermoor word?

Waar is God wanneer bejaardes aangerand en vermoor word?

Waar is God wanneer kanker gediagnoseer word?

Waar is God wanneer 'n taxi vol kinders rol?

Waar is God wanneer 3 kinders van 'n gesin in 'n ongeluk sterf?

Waar is God wanneer jou man sy werk verloor?

Waar is God wanneer 'n man sy vrou aanrand?

Waar is God wanneer?

Voel jy dalk om vandag te sê: *“Die omstandighede in die wêreld, maak my bang. Ek vra ook: Waar is God?”*

Maar dit is nie net jy wat hierdie vrae vra nie. Mense wat langs die sterfbed van iemand staan, mense wat met ernstige depressie worstel; jongmense wat vir die eerste keer uitvind hoe wreed

die wêreld kan wees; mense wat 'n groot terugslag of mislukking in hulle lewe beleef het — hulle almal vra hierdie vrae.

En laat ons maar eerlik wees. Baie van die vrae wat ons vandag het, die moderne vrae wat spruit uit die lewe wat ons vandag moet leef, se antwoorde kry ons nie uit die Bybel nie.

Baie van die worstelinge wat ons het en die twyfel wat saam met die moderne tyd gekom het is daar net een duidelik antwoord in die Bybel:

JESAJA 41:10 AFR83

Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.